# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE

**Paper 0548/01**
**Reading and Writing (Core)**

**Kommentaar op spesifieke vrae**

**Afdeling 1**

**Oefening 1: Vrae 1 tot 4:** Kandidate het hierdie vrae oor die algemeen redelik goed beantwoord, alhoewel heelwat met Miriam Makeba (vraag 1) se verjaardag gesukkel het.

**Oefening 2: Vrae 5 tot 8:** Die meeste kandidate het hierdie vrae goed beantwoord, maar min kon vraag 6 korrek beantwoord. Vir vraag 8 was baie kandidate geneig om direk uit die teks aan te haal eerder as om hul eie woorde te gebruik.

**Oefening 3: Vrae 9 tot 12:** Baie kandidate het vraag 9 en 10 moeilik gevind, maar die meeste het vraag 11 reg gehad. Min kandidate het vraag 12 in hul eie woorde kon beantwoord.

**Afdeling 2**

**Oefening 1: Vrae 13 tot 18:** Baie kandidate het gesukkel om hierdie vrae korrek te beantwoord.

**Oefening 2: Vraag 19:** Kandidate het hierdie opsomming redelik goed hanteer, alhoewel talle duidelik nie die woord "voorkoms" verstaan het nie. Verskeie kandidate het nie mooi begryp wat hulle by die tweede vraag moes doen nie.

**Oefening 3: Vraag 20:** Die meeste kandidate het hierdie vraag goed beantwoord.

**Afdeling 3**

**Oefening 1: Vraag 21:** Dit was duidelik dat die meeste kandidate die opdrag verstaan het en die dagboekinskrywings kon skryf. Verskeie het daarin geslaag om oortuigend te skryf. Sommige het slegs inskrywings vir een dag in plaas van twee dae geskryf.

Behalwe die algemene foute wat tweedetaalsprekers tipies begaan en moet probeer vermy, moet kandidate die volgende in gedagte hou:

- Begin elke inskrywing met die datum.
- Laat reëls oop tussen inskrywings.
- Gebruik punktuasie om gevoelens oor te dra.
- Moenie te lang sinne probeer skryf nie.

**Oefening 2: Vraag 22:** Kandidate het meestal die onderwerpe verstaan en kon doeltreffend op die stellings reageer. Benewens algemene foute met leestekens, spelling, hoofletters, woordorde en die negatief, weet talle kandidate nie hoe om ordentlike paragrawe te skryf nie – te veel se hele skryfstuk het uit slegs een paragraaf bestaan.



www.theallpapers.com

# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE

**Paper 0548/02**
**Reading and Writing (Extended)**

## Algemene kommentaar

Hierdie kandidate het, met enkele uitsonderings na, beïndruk met die goeie beheer wat hulle oor Tweede Taal Afrikaans het. Vrae is deurgaans goed geïnterpreteer en opdragte is met begrip voltooi. Woordeskat was minder problematies, maar die gebruik van Engelse woorde (waar hulle die Afrikaans nie ken nie) het tog voorgekom. Kandidate moet begryp dat dit onaanvaarbaar is en die doel van die oefening mis. Die inhoud van die langer skryfstukke was gepas en kandidate het soms verras met hulle insig en argumente.

## Kommentaar op spesifieke vrae

***Afdeling 1***

**Oefeninge 1–3**

Kandidate het deurgaans goed gevaar in hierdie oefeninge. Daar was duidelike blyke dat hulle verstaan het wat van hulle verwag is.

***Afdeling 2***

**Oefeninge 1-3**

Die opsomming en ander soortgelyke aktiwiteite is steeds problematies. Dit wil voorkom asof die kandidate verstaan wat van hulle verwag word, maar dit moeilik vind om die opdrag suksesvol te voltooi. Dit kan hoofsaaklik toegeskryf word daaraan dat: a) kandidate nie oor die nodige vaardigheid beskik nie (iets wat alleenlik deur genoeg oefening ingeskerp kan word) en b) kandidate nie die vraag goed lees nie en dan ’n opsomming van die hele stuk gee in plaas van slegs spesifieke feite. Dit lei onder ander daartoe dat veel meer as die toegelate aantal woorde gebruik word, sonder dat die vraag heeltemal beantwoord is.

***Afdeling 3***

**Oefeninge 1–3**

Kandidate het beter gevaar in hierdie afdeling. Hulle skryf redelik vlot, met begrip en ’n goeie poging tot idiomatiese taagebruik. Punktuasie was aanvaarbaar. Daar is egter diegene wat nog nie die vaardigheid het om verstaanbaar in Afrikaans te skryf nie. Dit word hoofsaaklik toegeskryf aan ’n gebrekkige woordeskat met slegs ’n vae begrip van paragrafering, woordorde, voornaamwoorde, idiomatiese frasering en ’n algemene gebrek aan taalvaardigheid. Daar was te veel kandidate wat die onderwerp(e) verkeerd geïnterpreteer het, veral by die dagboekinskrywing. Heelwat minder as die gevraagde aantal woorde is in die skryfstukke gebruik. Dit moet by kandidate ingeskerp word dat dit noodsaaklik is om a) oor die onderwerp te skryf en b) dat 100 woorde nie goed genoeg is, as daar vir 200 gevra word nie. Dit is ook ’n goeie gewoonte om die aantal woorde aan die einde van die skryfstuk aan te dui. Te veel kandidate kry nie klaar met die vraestel nie en laat die laaste opdrag weg of voltooi dit net halfpad.



www.theallpapers.com

# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE

**Paper 0548/03**
**Listening (Core)**

## Algemene kommentaar

Dit is verblydend dat heelwat kandidate se luisterbegrip op standaard is en dat 'n aantal bevoegde kandidate meer as 80% vir die vraestel behaal het.

Die meeste kandidate het baie beter gevaar met die meerkeusevrae en die waar-en-onwaar-vrae in Afdeling 3 as met die vrae in Afdeling 1 en Afdeling 2, omdat hulle niks anders as 'n regmerkie hoef te gemaak het nie.

Daar was ongelukkig talle kandidate wat die luistertekste baie swak of glad nie verstaan het nie. Sulke kandidate benodig meer blootstelling aan gesproke Afrikaans. Daarbenewens is dit ook noodsaaklik dat hul woordeskat uitgebrei word.

Waar die kandidate die antwoorde self moes neerskryf, het uit talle antwoorde geblyk dat hul kennis van die Afrikaanse spelling en skryfwyse, asook die gebruik van korrekte grammatika baie gebrekkig is. Hulle het dikwels geen kennis gehad van hoe die vokaalklanke (soos tweeklanke) gespel behoort te word nie. Dit kan wel geleer word. Kandidate is egter nie gepenaliseer vir spelling en taalgebruik nie. Solank die antwoorde herkenbaar was, is punte toegeken.

## Kommentaar op spesifieke vrae

### *Afdeling A*

**Oefening 1: Vrae 1-6**

Die meeste kandidate het vraag 1 korrek beantwoord, maar baie het gesukkel met vraag 2. Vraag 5(b) was 'n vraag waar twee antwoorde verskaf moes word. Dit is oor die algemeen baie swak beantwoord.

### *Afdeling 2*

**Oefening 1: Vraag 7(a-f)**

Vrae 1 en 2 is goed beantwoord, maar talle kandidate kon nie *stryk* spel nie (vraag 2).

**Oefening 2: Vrae 8-13**

In hierdie oefening is baie klei getrap. Die teks het die meeste kandidate verwar. Daar was ook terme wat hulle nie verstaan het nie. Vraag 3 is veral swak beantwoord.

### *Afdeling 3*

**Oefening 1: Vrae 14-17**

In hierdie afdeling het die meeste kandidate redelik gevaar en sommige het hier selfs volpunte behaal. Hulle het die moontlike antwoorde op die vraestel gesien, wat gehelp het. Raaiwerk was natuurlik ook moontlik, hoewel daar dikwels verkeerd geraai is. Kandidate moet daarop gewys word dat hulle nie punte verloor as hulle die verkeerde blokkie merk nie. Hulle moet dus nie antwoorde uitlaat nie. Hulle moet ook nie kruisies in blokkies maak vir verkeerde antwoorde en regmerkies waar hulle dink die antwoord is korrek by die "waar-en-onwaar-vrae" nie. Slegs regmerkies moet gemaak word. Hulle het geen punte verloor hiervoor nie.



www.theallpapers.com

# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE

**Paper 0548/04**
**Listening (Extended)**

**Algemene kommentaar**

Oor die algemeen het die kandidate die luisterbegripvrae goed verstaan en baie van hulle het uitstekende punte behaal.

Daar is egter ook heelwat kandidate wie se vaardighede nie na wense is nie, omdat hulle waarskynlik geen blootstelling aan Afrikaans het nie en hul kennis van die taal derhalwe beperk is. Hul luisterbegrip sal nie verbeter, tensy hul die gesproke taal gereeld hoor nie. Daar moet dus daadwerklike pogings aangewend word om hulle in die klas na interessante Afrikaanse tekste, onder andere liedjies te laat luister. Afrikaanse video's kan vertoon word, indien geriewe daarvoor beskikbaar is. Indien kandidate in oorsese lande woonagtig is, is dit veral baie belangrik om die kandidate na gesproke Afrikaans te laat luister, of wanneer die gemeenskap waarin die kandidate woon, geen ondersteuning aan die taal bied nie.

Dit is ook noodsaaklik dat hulle gesprekke teen normale praatspoed kan volg. Die leesspoed van tekste op die kasset waarna die kandidate moes luister, was oor die algemeen maklik om te volg, hoewel sommige kandidate sommige woorde of gedeeltes nie verstaan het nie.

Taal- en spelfoute is nie in ag geneem by die nasien van die antwoordstel nie. Wanneer die antwoord herkenbaar was en dit geblyk het die kandidaat het die teks verstaan, is 'n punt toegeken. Dit is tot kandidate se voordeel, want talle se spelling en kennis van grammatika is uiters gebrekkig. Kennis van die korrekte spelling van vokaalklanke is veral swak, bv. "acekass/uiskuis/askys/eiskas" wanneer *yskas* bedoel word. Baie kandidate het ook "ruis" of "ries" geskryf vir die woord *reis*. *Vulstasie* was meestal "filstasie/fillstaasie" of 'n ander foutiewe spelling. Kennis van die korrekte gebruik van skryftekens, soos kappies en deeltekens is ook beperk. Die woord *gee* is soms "gê" gespel en *dae* as "daë".

**Kommentaar oor spesifieke vrae**

***Afdeling 1***

**Oefening 1: Vrae 1-6**

Kandidate het soms nie aandagtig genoeg na die vrae geluister nie en as gevolg daarvan die verkeerde antwoorde gegee, bv. 'n pleknaam in plaas van 'n datum by vraag 5 (a). Die straatnaam by vraag 4 is swak verstaan omdat die meeste kandidate nie die woord "boetebessie" ken nie.

***Afdeling 2***

**Oefening 1: Vraag 7(a-e)**

Vraag 7(d) was problematies, omdat die meeste leerders nie Namibiese dollars as antwoord verskaf het nie. Hulle het waarskynlik nie verstaan wat gesê is nie.

**Oefening 2: Vrae 8-13**

Daar is dikwels gesukkel met hierdie oefening. Swakker kandidate het die teks nie verstaan nie en het deurmekaar geraak met die verskillende feeste.



www.theallpapers.com

***Afdeling 3***

**Oefening 1: Vrae 14-19**

Hierdie oefening was nie maklik nie. Dit it is dus verblydend dat soveel kandidate die jaartal korrek verskaf het, want hulle moes hier fyn luister. Baie het die ouderdom (ses jaar) as antwoord gegee, wat natuurlik nie die antwoord op die vraag kon wees nie. Die meeste kandidate kon vrae 17 en 18 korrek beantwoord.

**Oefening 2: Vrae 20-27**

'n Groot deel van die kandidate het hierdie vrae baie moeilik gevind, veral omdat hulle nie die idiomatiese taalgebruik (bv. "met 'n slap riem gevang" en "blouaapstuipe") verstaan het nie. Die meeste het die antwoord op vraag 27 reg verstaan en korrek beantwoord.



www.theallpapers.com

# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE

**Paper 0548/05**
**Oral Communication**

## General comments

Overall, candidates performed similarly to last year. Most Examiners closely followed the script for the Role plays and the instructions.

There was a number of Examiners, however, who did not adhere to the instructions set out in the Examiner's Booklet, which put their candidates' performance at risk. It is vital that Examiners compile a set of possible questions for each of the topics in order to keep the conversation flowing.

**Recording**

It is very important to choose a place that is free of noise and other interference. Unfortunately, tape recorders were not always in good working order, and Centres are reminded to check their equipment thoroughly before the examination takes place.

Examiners are also reminded that they need to listen to the recording before submission for moderation, as some tapes were practically inaudible or the incorrect cassette was sent.

**Range of sample**

Candidates across the full range of ability must be submitted, i.e. the best, the average and the worst candidates. This is crucial as Moderators have to judge whether the whole range of candidates was assessed correctly.

The order of the names on the cassette cards must be in exactly the same order as the order in which the conversations are recorded.

**Conversation**

In some cases, the warm-up did not take place or took too long. The instructions specify that the warm-up should be 2 – 3 minutes.

Candidates should be familiar with the procedure well in advance of the examination and should only be asked whether there is anything that they do not understand.

The Examiner should initiate the conversation with questions. When an Examiner is not properly prepared for the examination, they will often push the candidate to do all the talking and the intended dialogue ends up as a monologue that does not properly test the candidate's ability to respond to and ask questions.

**Administration**

Most Examiners administrated the Oral Assessment Summary Forms in a commendably neat and orderly fashion.

There were a few arithmetical errors which should have been eliminated by careful checking before submission.



www.theallpapers.com